Oordenking
16 November 2009

Hoe groot en sterk is jou God?

Volgens Rom 4: 17 is dit God *"wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. (1953 vert.)."*

Ons God het weer die lewe aan Jesus gegee toe Hy aan die kruis gesterf het. Hy roep alles wat bestaan uit niks nie. Ons stem saam met Rom 4: 21 dat *ons "God mag het om te doen wat Hy beloof het"*.

Geloof in 'n groot, magtige God bereik lewensbelangrike dinge in die lewe van 'n Christen.

1. Geloof onderrig ons. Dit bring ons tot volwassenheid. Dit bou ons op en maak ons sterker. Wanneer ons ons geloof gebruik, dan groei dit.

2. Geloof verheerlik God. Dit eer sy grootheid. Deur op God te vertrou verklaar ons op 'n sigbare wyse ons verwagtinge van sy wonderlike majesteit.

3. Geloof verstaan die waarheid van God se Woord. Deur op God te vertrou word ons verstand verlig sodat ons ten volle oortuig word van die waarheid van die Evangelie in die Bybel.

4. Geloof bemagtig ons. Deur geloof besit ons die beloftes van God. Geloof verwag van God alles waarvoor Jesus gesterf het en waarvoor Hy uit die dood opgestaan het.

Ek weet dat die grootheid en almag van my God ten volle vergoed vir my menslike swakheid. Dit is as gevolg van die Here dat selfs my klein geloof kan groei, die Here kan verheerlik, God se beloftes kan aanvaar en my kan verseker van verlossing.

Dank die almagtige God wat lewegewende geloof aan my geskenk het. Prys God wat geloof in my leë lewe tot stand gebring het, sodat ek ook met die opstandingskrag van Jesus gevul kan word.

Halleluja!